

Mier Probleme.

Sukkel jy met miere in en om jou huis? Hier is 'n paar metodes om miere af te skrik.

- **Let wel:** Hierdie raad is vir wanneer jy die nes opspoor. Maak 'n oplossing van helfte Jeyes Fluid en helfte water en gooi of spuit dit oor die nes. Dit werk ook vir rooispinmyt en roes.
 - 'n Lagie babapoeier of kaneel sal miere weghou.
 - Strooi gewone babapoeier op die plekke waar hulle voorkom. Hulle verdwyn sommer gou gou.
 - Plaas botteldekseltjies met brandspiritus oral in die swart miere se pad. Dit neem 'n rukkie maar op die ou einde is alle miertjies weg.
 - Maak 'n sterk mengsel soutwater aan en spuit die besmette plekke daarmee.
 - Kook korente in kasterolie en plaas in die pad van die miere.
 - Strooi lyf of babapoeier op mierpaadjies as die gediertes lastig raak. Jy kan die poeier ook in 'n bakkie strooi en 'n suurlemoenskyfie in die middel sit om hulle te lok.
 - Week watte in pepermentolie of in terpentyn en verseël miere se gate daarmee, of sprinkel Cayenne peper daarin.
 - Kamakazi krummels (moet nie met die hand strooi nie anders is dit nie effektief nie). Strooi dit ten minste een keer 'n week vir ses weke aanmekaar.
 - Termedine (dit is glo dieselfde as wat die mense van "Pest control" gebruik maar is baie duur - Dit word glo aangemaak 1 op 40.
 - 411kunsnis. Dit is baie giftig en jy moet veral oppas vir jou honde of diere maar is glo verskriklik effektief.
 - Vir die klein miertjies in die huis smeer swartbordkryt wat jy by die vlooiemark kry aan.
 - Strooi VIM of babapoeier maar moenie dit afvee as jy skoonmaak nie.
 - Maak "Die Ant" met water aan en spuit dit al teen die "scurtings" van jou huis.
 - Gooi bietjie paraffien in 'n miernes.
 - Vir suikermiertjies wat die kombuis oorneem, strooi net rooipeper op strategiese plekke.
 - Maak Chlorphyriphos sterk in 'n spuitkan aan. Dit help selfs om die swartmiere uit die huis te hou.
 - Strooi koeksoda of boraks poeier binne kaste en laaie.
 - Sit bakkies met koeksoda orals in die huis (veral agter yskas, stoof, onder wasbak, ens.).
 - Maak die volgende mengsel aan:
 - 100ml water
 - 200ml suiker
 - 50ml Boraks (kry by apteek)
- Sit bietjies van die mengsel uit waar miertjies voorkom, sodat hulle dit kan nes toe dra. As mens sien hulle staan sulke kringe om die stroop, is dit 'n goeie teken dat hulle dit geniet. Sorg dat stroop altyd beskikbaar is. Mens sien nie onmiddellik resultate nie, maar na 'n drie tot vier weke begin jy agterkom daar is nie meer miere nie. Hulle dra die stroop nes toe, voer die ander miere en koningin daarmee en die hele nes vrek uit.
- Dit is 'n uiters omgewingsvriendelike lokmiddel, geen gevaar vir kinders nie, dodelik vir miere.
- Smeer 'n 5 cm breë strook Vaseline reg rondom die area wat jy wil afblok.
 - 'n Bordkrytlyn sal hulle ook afskrik.
 - Strooi babapoeier waar hulle loop – dit kleef aan hul pote en hulle hou niks daarvan nie (meng fyn naeltjies by vir nog beter resultate). Of teiken hul goeie reuksin en strooi rissiepoeier, rooi peper of kaneel om hul gate.
 - Peperment (*Mentha piperita*) hou hulle ook op 'n afstand. Plant dit oral tussen jou klippe en laat dit oor die stompe rank. Of meng ongeveer 15 druppels gekonsentreerde ment-olie met 750 ml water in 'n spuitbotteltjie en spuit.
 - Skoon appel- of druifasyn werk ook goed. Gebruik dit liefste op die oppervlakke waar miere loop, en nie te veel op die plante self nie.
 - Probeer "FENDONA" van Efekto. Ek het ook al baie verskillende spuitstof gebruik, maar dit werk die beste. Meng met water en spuit/giet waar miere voorkom, dit help ook vir ander plae.
 - Fyn as van die braai vleis vuur al om die huis gegooi blyk ook te werk.

- Om die miere uit koskaste te hou, plaas 'n blikkie met sand waarin 'n bietjie paraffien gegooi is, onder pote.
- Wanneer swart miere in rakke en kaste pla, gooi heel kruienaeltjies daarin, en die miere sal verdwyn.
- Week watte in pepermentolie of terpentyn en verseël die miere se gate daarmee, of sprinkel cayenne-peper daarin. Sit die pote van 'n piekniektafel in bakkies water - miere is nie kranige swemmers nie.
- Maak 'n stroop aan van 50 - 50 (bv. een koppie van elk) suiker en water. As jy koeksisters bak, kan jy somer 'n koppie van daardie stroop neem. Meng daarby 'n eetlepel Boraks. Sit van hierdie mengsel oral waar jy die miertjies se paadjies sien. Hulle sal gou om dit vergader en dra dit dan nes toe. As dit klaar is sit weer uit. Hou so aan en na so twee weke sal jy sien die miere kom nie meer nie. Hulle het dan die hele nes vergiftig, die koningin inklusief en sterf die nes uit.
- Maak 'n oplossing van Jeyes Fluid aan in 'n gieter en gooi dit orals waar jy miere sien, veral om die huis want hulle sal daarheen vlug. Herhaal so elke week vir 'n maand en daarna een keer 'n maand. Dit ruik nou wel nie so lekker nie, maar die miere trek. Die oplossing is ook nie giftig vir troeteldiere en voëls nie.
- Probeer borakspoeier gemeng met versiersuiker. Hulle eet dit, drink water en versteen. Rooi peper is ook 'n oplossing.
- Gooi ou kookolie op die plekke waar die miere uitkom, en hulle verdwyn.
- Jy kan Fendona (Efekto produk) in jou huis spuit vir die miere. Dit hou ook enige ander goggas weg en werk soos 'n bom. Jy spuit dit op die mure en gordyne en dit maak glad nie merke as dit droog geword het nie. Dit is ook baie effektief vir muskiete.
- Komkommer vir miere in jou huis: Die beste manier om van miere ontslae te raak – plaas komkommer skille waar die klein peste voorkom. Dit is natuurlik en veilig vir kinders en diere.
- Kunsmatige versoetmiddels (Artificial sweeteners) bevat aspartine of aspartame en werk net so goed.
- Strooi Boraks droë poeier in kaste.
- Plaas klein hopies mieliemeel (corn meal) waar die miere is. Hulle neem dit nes toe en kan dit nie verteer nie. Dit mag 'n week of twee neem, veral as dit reën, maar dit werk en dit is veilig vir kinders en diere!
- Mier probleme: meng 2 koppies boraks met een koppie suiker. Sprinkel naby die plaag en siedaar, probleem opgelos en jy hoef nie eens bekommerd te wees oor die kinders of diere wat dalk daar gaan ondersoek instel nie. Dis nie giftig vir hul nie.
- Verstopt hul gaatjies met naeltjies, hul haat die reuk daarvan ook.
- Plaas n paar stukkies groenment naby jou meel, macaroni of spaghetti.

